# Geleentheidsrede

# 'n Balansstaat van Suid-Afrika en sy mense[29]

T. Eloff
Dept. Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

'Hoe lyk ons balansstate waarmee ons ons roeping hier op aarde moet vervul?' is 'n altydgeldende vraag. In die huidige tydsgewrig kan ons egter ook vra 'Hoe lyk die balansstaat van Suid-Afrika, die land waarin ons ons roeping moet vervul?'

## 1. 'n Individuele balansstaat

Hoe lyk ons individuele balansstate? 'n Balansstaat bestaan uit twee dele, naamlik bates en laste. Anders gestel: waaroor beskik ons, en wat het ons gemaak of wat moet ons maak met dit waaroor ons beskik. Waaruit bestaan ons kapitaal en waarvoor het ons dit aangewend, of waarvoor moet ons dit aanwend.

Waaruit bestaan ons *aandelekapitaal* dan? Elke individu, net soos 'n maatskappy, beskik oor 'n sekere hoeveelheid gemagtigde aandelekapitaal en uitgereikte aandelekapitaal.

Elkeen van ons besit ook *gemagtigde aandelekapitaal,* dit wil sê wat ons gemagtig is om uit te reik en mee te woeker. Ons gemagtigde aandelekapitaal is gawes en talente wat God aan ons toevertrou het en waarmee Hy ons toegerus het.

---

29 Toespraak gelewer tydens die gradeplegtigheid van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe van die PU vir CHO op 16 Maart 1995.

Die *uitgereikte aandelekapitaal* is die gedeelte van ons gemagtigde aandelekapitaal, dit wil sê die gawes en talente wat ons ontvang het, wat ons besluit het om te ontwikkel en wat ons wil aanwend in ons lewe. Elkeen van ons het 'n sekere gedeelte van ons Godgegewe vermoë ontwikkel op skool, op universiteit, en in die praktyk. Ons verantwoordelikheid as mense is egter om soveel as moontlik van ons gemagtigde aandelekapitaal te ontwikkel en aan te wend as uitgereikte aandelekapitaal tydens ons lewe hier op aarde – nie slegs in ons beroepslewe nie, maar in alle fasette van ons lewe hier op aarde.

Verder beskik elkeen van ons ook oor *bedryfslaste*, dit wil sê verpligtinge wat ons aangegaan het om ons uitgereikte aandelekapitaal aan te vul om ons daaglikse aktiwiteite mee te kan verrig. By 'n maatskappy bestaan bedryfslaste onder andere uit krediteure, oortrokke bankfasiliteite en voorsiening vir inkomstebelasting.

*Krediteure* is die persone by wie ons aankope doen en aan wie ons geld verskuldig is. In ons daaglikse lewe het ons ook met krediteure te doen, naamlik ons naaste met wie ons in aanraking kom, my huweliksmaat, my kinders, my ouers, vriende, familie, kollegas ens. Hoe moet ons optree teenoor ons krediteure? Ons moet soos 'n maatskappy ons verpligtinge teenoor ons krediteure nakom anders kan ons insolvent verklaar word. Ons moet dus leef in liefde met alle mense en sorg dat ons menseverhoudinge ook 'n weerspieëling is van ons verhouding met God.

*Oortrokke bankfasiliteite* is die finansiering wat 'n maatskappy van 'n finansiële instelling ontvang om sy daaglikse aktiwiteite mee te kan uitvoer. In ons daaglikse lewe is daar ook ondersteunende instansies wat ons in staat stel om ons daaglikse aktiwiteite te kan uitvoer. Ons lidmaatskap van 'n kerk en die daarmee gepaardgaande geloofslewe is onder andere steunpunte en bronne waaruit ons die geestelike krag put vir ons bestaan. As mense is ons geroep om ons roeping met geestelike krag in sy lig tot eer van God en tot heil van ons naaste te volvoer.

Soos wat 'n maatskappy ook voorsiening moet maak vir die betaling van inkomstebelasting, moet elkeen van ons ook voorsiening maak om 'n deel van wat ons ontvang het, terug te ploeg in die gemeenskap en samelewing waarin ons geplaas is. As mense moet ons dus ons uitgereikte

aandelekapitaal, dit wil sê ons ontwikkelde gawes en talente, gebruik tot voordeel van ons medemens in die gemeenskap waarin God ons plaas.

Aan die batekant van ons balansstaat kry ons vaste bates en bedryfsbates. Soos vaste bates die grond en geboue van enige maatskappy vorm, vorm die vaste bates in elkeen van ons se lewens die fondament en geboue waarin ons ons aktiwiteite moet verrig. Ons fondament is die geloof in God Drie-enig terwyl die gebou ons liggaam en gees is. Indien ons wil belê in vaste bates wat vir ons sukses in die toekoms gaan verseker, moet ons belê in Christelike waardes. Ons moet sorg dat ons stewig geanker is op die fondament Jesus Christus terwyl ons as geskapenes na die beeld van God ook hierdie beeld moet vertoon. As beelddraers moet ons Christelike waardes en norme in ons daaglikse lewe uitdra, eties korrek optree in ons werk, ons saketransaksies, en in ons omgang met ons medemens.

**Vaste bates**

Verder bestaan ons vaste bates, net soos by 'n maatskappy, uit masjinerie, gereedskap en toerusting, wat aangewend word vir produksie. Ons het ook sekere masjinerie, gereedskap en toerusting ontvang om kwaliteit-produkte te lewer.

Ons moet egter in gedagte hou dat gereelde onderhoud van ons masjinerie, gereedskap en toerusting noodsaaklik is – onderhoud geskied deur middel van selfondersoek ten opsigte van ons daaglikse aktiwiteite en optrede. Ons moet ons gereedskap gereeld slyp en instel vir nuwe take – ons moet dus kan aanpas by die eise van die tyd. Ons moet altyd nuwe kwaliteitprodukte kan lewer waaraan daar 'n behoefte is, sodat ons tevrede kliënte of debiteure kan hê. Die debiteure in ons daaglikse lewe is ons werkgewer, huweliksmaat, kinders, ouers, vriende, familie en kollegas.

**Bedryfsbates**

Bedryfsbates daarenteen bestaan weer uit bates wat daagliks gebruik word in 'n maatskappy se aktiwiteite. Elkeen van ons besit die bedryfsbates van ondernemingsgees, deursettingsvermoë, liggaamskragte, hardwerkendheid, ervaring, verstandelike vermoëns ensovoorts. Hierdie bedryfsbates is bates wat ons verkry deur die aanwending van ons uitgereikte aandelekapitaal. Ons bedryfsbates moet sodanig wees dat dit volgehoue

kwaliteitproduksie kan verseker. Ook moet hierdie bedryfsbates gereeld aangevul word namate dit verbruik word of namate die eise van die tyd verander. Ons moet gebalanseerd lewe en sorg dat ons menslike grondstowwe nie opgebruik word nie.

## 2. 'n Balansstaat vir Suid-Afrika

Hoe lyk die balansstaat van Suid-Afrika, die land waarin elkeen van ons ons roeping moet vervul?

Suid-Afrika beskik oor enorme gemagtigde aandelekapitaal. Suid-Afrika is in God se skepping besonderlik begenadig met 'n rykdom minerale, wild- en natuurlewe, maar ook met 'n ryke verskeidenheid mense met verskeie tale, kulture en godsdienste.

'n Groot deel van Suid-Afrika se gemagtigde aandelekapitaal is reeds uitgereik as uitgereikte aandelekapitaal. Dink net aan ons paaie, spoorlyne, brûe, damme, skole, universiteite, hospitale, krag- en telekommunikasienetwerke, fabrieke, ensovoorts. Daar bly egter nog 'n groot deel van Suid-Afrika se gemagtigde aandelekapitaal oor wat wag om uitgereik te word.

Suid-Afrika besit egter ook 'n groot hoeveelheid bedryfslaste: 'n groot deel van Suid-Afrika se bevolking is byvoorbeeld ongeskoold. Ons onverantwoordelike menslike aanwas, die eise van mense wat net wil ontvang en niks daarvoor opoffer nie, moord, diefstal, korrupsie en oneerlikheid vorm ook deel van die bedryfslaste. Ten opsigte van hierdie aspek is daar 'n groot roeping om ons uitgereikte aandelekapitaal te gebruik om soveel moontlik van Suid-Afrika se gemagtigde aandelekapitaal op te neem as uitgereikte aandelekapitaal en om daardeur die bedryfslaste van Suid-Afrika af te los. Ons moet baie inwoners van Suid-Afrika bevry van hulle bedelaarsmentaliteit en onetiese optrede deur woord en daad. Ons moet wys dat slegs harde werk, inspanning en ondernemingsgees blywende voorspoed vir almal kan verseker.

Ons moet aan almal in Suid- Afrika wys dat daar nie so iets soos vryheid sonder verantwoordelikheid is nie. Grondregte, menseregte, diereregte ensovoorts, moet nie oorbeklemtoon word nie. Ons moet eerder vra na God se regte en daarvolgens lewe.

Die batekant van Suid-Afrika se balansstaat bestaan uit vaste bates en bedryfsbates.

**Suid-Afrika se vaste bates**

Wat Suid-Afrika se vaste bates betref, beskik Suid-Afrika oor meer as 112 miljoen hektaar grond oftewel ongeveer 3 hektaar per kop van die bevolking. Suid-Afrika se landbougrond beslaan ongeveer 73% van die totale oppervlakte van Suid-Afrika. Suid-Afrika se landboupotensiaal is egter swak as gevolg van die wisselvallige reënvalpatroon, maar kan nogtans met die regte ekonomiese en fiskale beleid voldoende voedsel vir sy bevolking produseer. Suid-Afrika beskik egter ook oor 'n groot verskeidenheid mineraalbronne, het meer plant-, voël- en diersoorte as die hele Europa. Belangriker egter is dat Suid-Afrika 'n verskeidenheid mense en natuurlike hulpbronne het waarmee 'n ekonomiese model vir die res van die wêreld gebou kan word. Suid-Afrika is 'n mikrokosmos van die wêreld in sy etniese, kulturele, sosiologiese en ekonomiese kompleksiteit. Verskeidenheid mag inderdaad baie probleme oplewer, maar bied eweneens ook wonderlike geleenthede. Suid-Afrika se krag lê nie in enersheid nie, maar in verskeidenheid.

**Suid-Afrika se bedryfsbates**

Wat Suid-Afrika se bedryfsbates betref, beskik ons nog nie oor 'n langtermyngrondwet nie. 'n Grondwet vorm die bedryfsbate van 'n land en voorsien die raamwerk waarbinne sosiaal-ekonomiese en ander probleme gehanteer moet word. Geen grondwet kan egter die basiese waardes van 'n beskawing vervang nie. 'n Grondwet waarborg of skep nie werk nie, bou nie huise nie, voorkom nie diefstal, moord en bedrog nie. Die doeltreffendheid van 'n grondwet word uiteindelik bepaal deur die demokratiese en politieke kultuur wat daar in 'n land bestaan en die etiese klimaat wat onder sy mense heers. Sonder 'n kultuur van respek, dissipline en verantwoordelikheid is al die verskansings in 'n grondwet niks werd nie.

Wat die res van Suid-Afrika se bedryfsbates betref, beskik Suid-Afrika oor 'n groot hoeveelheid grondstowwe wat wag om verder verwerk te word, en waartoe waarde toegevoeg moet word vir die binnelandse sowel as die buitelandse mark.

Suid-Afrika beskik ook oor 'n relatief groot bevolking wat opgelei moet word sodat hulle ook hulle verantwoordelikheid op alle lewensterreine kan nakom.

Die vraag ontstaan dan nou op watter wyse elkeen van ons ons bates en laste ten beste kan aanwend om die balansstaat van Suid-Afrika te kan verstewig.

### Elkeen se verantwoordelikheid

Elkeen van ons moet ons bates en uitgereikte aandelekapitaal aanwend om die bates van Suid-Afrika te vergroot en Suid-Afrika se laste te verminder. Bates kan vergroot word en laste kan verminder word deur met vernuwende denke leiding te verskaf, werksgeleenthede te skep en kwaliteitprodukte te produseer. Hierdie ideaal kan net bereik word deur verantwoordelike optrede en harde werk, en deur hoë morele en etiese waardes in stand te hou en uit te bou.

Bestaande werklikhede moet nie vir ons 'n verskoning wees om nie ander weë te verken of niks te doen nie. Ons moet ook nie ontwikkelinge wat 'n negatiewe verloop geneem het as so vasgeknoop beskou dat dit nie deur skeppende denke en dade losgewoel en op ander bane gelei kan word nie. Ons moet nie terugdeins vir uitdagings en geleenthede nie.

As alles goed gaan: wees versigtig!

As alles sleg gaan: voorwaarts sonder vrees!